# HERFSDANKFEES 2018

Ons Herfsdankfees is DV op 23 Maart vanaf 17:00 in die kerksaal. Ons wil u almal nooi om lekker te kom saamwerk en saamkuier. Dit is hier waar ons mekaar beter leer ken en lekker bande smee. Ons gee vir u al die konvenors se telefoonnommers en vra vriendelik dat u sal skakel om u hulp aan te bied—ons het elkeen se hulp nodig!

- **KLEINKOEKIES & LEKKERS:** Elise Herselmann 6933776 of 0835606781
- **BESKUIT en BROOD:** Marina Claassen 6912880
- **KOMBUIS:** Selma de Klerk 0845500554
- **HAP EN TRAP:** Aletta Hanekom 6932710
- **POEDING:** Annie van Zyl 6930440 of 0723300709
- **KINDERTAFEL:** Jeanne Smit 6911450 of 0842843378
- **PANNEKOEK:** Driekie Muller 6904372 of 0762377928
- **GROOT KOEKE/TERTE:** Elise Claassen 6912813
- **TEETUIN:** Marie Lofty-Eaton 0721422313 of 6904215
- **WIT OLIFANTE:** Dries Wheeler 6934504 of 0827143322
- **DIE MARK:** Carina Beyers 0825643633 of 6912426
- **PASTEIE:** Elize van Vuuren 0786777335
- **VLEIS:** André Kritzinger 6932462
- **POTJIEKOS:** Leon en Lizzie Heunis 07835665888

**<u>Die volgende word benodig</u>:**

* Hoender vir die pasteie
* Skaap, bees, en varkvleis vir die vleistafel
* Polistreenbakkies en foelieborde
* 2L Roomysbakke en poedings
* Margarien (nie lae vet), kookolie, eiers, koekmeel, langlewe melk, suiker
* Wit olifante



## BANKBESONDERHEDE

*<u>Dankoffers</u>: Absa Mosselbaai, rek.no. 207 058 0031*
*<u>Geloofsoffers</u>: Absa Mosselbaai, rek.no. 207 016 7886*



# NG KERK MOSSELBAAI-SUID

**AFKONDIGINGE: 18 Februarie 2018**

*"Terwyl ons dan nou 'n groot Hoëpriester het wat reeds deur die hemele gegaan het, Jesus, die Seun van God, laat ons vashou aan die geloof wat ons bely" (Hebreërs 4:14)*

## PROGRAM VIR VANDAG *(2de Lydensweek)*

**DEUROFFER:** Sinodale offer vir BADISA (Barmhartigheidsdiens).

**KATEGESE/KINDERKERK:** Gr R-7 vir Kinderkerk in die saal na die kinderoomblik in die diens. Gr 10 woon uitstappie na Waterpark by. Gr 9 en 11 soos deur ds Robert en ds André gereël. Uitstappie 11:00 tot 14:00.

**NUWE INTREKKERS:** Baie welkom in ons midde - mag u verblyf tot seën wees! Die dominee ontmoet jou graag na die diens voor die kansel.

## VOLGENDE SONDAG

**EREDIENSTE:** Om 09:00 in kerkgebou (ds Robert) en op Vleesbaai (ds André).

**DEUROFFER:** Sinodale offer vir Herberg Kinderhuis.

**KATEGESE/KINDERKERK:** Gr R-7 vir Kinderkerk in die saal na die kinderoomblik in die diens. Gr 10 vergader nie—ds Danie is uitstedig. Gr 9 en 11 soos deur ds Robert en ds André gereël.

## PROGRAM VIR DIE WEEK

**KLEINGROEPE:** Vergader soos onderling gereël. Nuwelinge kan die kerkkantoor (tel. 6903552) kontak vir meer inligting.

**<u>Ds Danie</u>:**
Maandag om 10:00 by Santos 1 en 15:00 by Santos 2.
Dinsdag 09:30 in die Konsistorie.

**<u>Ds Robert</u>:**
Dinsdag 09:00 by 17de Laan 18 pastorie en 19:00 by Tienie Bothastr 3.
Donderdag om 09:00 Vleesbaai/Rietvlei.

**<u>Ds André</u>:**
Dinsdag om 09:30 in die kerksaal.



| | |
|---|---|
| **Dinsdag:** | Geen gebedsbyeenkoms hierdie week. |
| **Woensdag:** | Santos Haven Biduur om 15:30 in Santos 1 (ds André). |
| **Donderdag:** | Manne bid 06:00 in die "gat" onder die verhoog. |
| **Vrydag:** | RIETVLEI BRAAI vanaf 16:30 by die kerksaal. |

## BELANGRIKE INFO

**KOSKAS:** Februarie is **Streek B** se beurt om bydraes te maak vir die koskas. Droë produkte, groente, blikkies en gevriesde produkte, asook kontantbydraes kan by die kerkkantoor of die dienswerker afgegee word. Joey (073 2988 142).

**SAAMKUIER NA DIENS:** Lekker koffie en tee word na die diens in die kerksaal bedien. Kom kuier lekker saam en leer mekaar beter ken.

**PREEKREEKS:** Ons sit vandag ons preekreeks oor roeping voort: "Wie is jy en waarheen is jy op pad?" In die week word dit verder in die kleingroepe bespreek. Kom skakel gerus in as jy nog nie aan 'n groep behoort nie! Hierdie week se tema is: "Lig op my pad van roeping." (Nehemia)

**DEURKOLLEKTE:** Sinodale offer vir Jeugwerk was R2173-80.

**KERKRAAD:** Vergader 22 Februarie om 18:00 in die kerksaal.

**SOPKOMBUIS:** Ons benodig minstens een persoon om op 26 April, 7 Junie en 12 Julie te help met sopkombuis. Skakel ds André asb.

**BOTSWANA UITREIK:** Ons getal mense wat ons kan saamneem is reeds vol. Ons kort egter nog twee voertuie, met 1 of twee persone by elk, vir ons vervoer. As jy 'n dubbelkajuit bakkie het of 'n nutsvoertuig, bid asb of jy nie dalk die een is wat op die uitreik moet gaan nie!

**NUUSBRIEF:** Die volgende nuusbrief word DV na die April vakansie uitgegee. U word genooi om iets te skryf vir die nuusbrief.

**BLOMMEFEES:** Ons beplan weer 'n blommefees oor die Paasnaweek. Tema: God se liefde. Enige iemand wat belangstel om te help, kontak Marie by 072 1422 313/044-690 4215. Meer inligting volg later.




**PERSOONLIK:** Inwoners van Santos Haven se drie siekeboeë, Kenani, Huis Elsjé, Benevolent Park, Ons Huis, Huis Caro en Ons Rus. Die volgende lidmate herstel na operasies, hospitalisasie, siekte tuis, of beleef ander krisisse:

Dries J.van Rensburg Pinnacle Park 15, Petro du Plooy Santos Haven, Jan Louw Fynboshoogte 1, Esmé Meyer Fynboshoogte, Rina Meyer Santos Haven Siekeboeg, Anton en Marianne Pauw Boggomsbaai, Riekie van Rensburg Misgunst Vleesbaai, Tokkie Marx Fijnboschpark, Cecile de Kock Gholflandgoed, Morné vd Heyde 17de Laan, Driekie Strydom Da Gamastr, Ciska Rossouw Boggomsbaai



# GEBEDSBULLETIN

## Februarie se tema: God se Naam



Hierdie week se DANKSEGGING:

* Vir Wie God is. Jesus is in Sion gelê as 'n Hoeksteen vir 'n fondament, 'n beproefde steen, 'n kosbare hoeksteen wat vas gegrondves is .
* Vir die NG Kerk-familie se barmhartigheidswerk dmv BADISA (kinderhuise, ouetehuise, maatskaplike werk, vroeë kindontwikkeling, rehabilitasie, dienssentrums).
* Die Here se koninkryk in ons gemeenskap waar ons kan inskakel en ons roeping uit leef.

Hierdie week se VOORBIDDING:

* GESONDHEIDSORG: daar is 'n ernstige tekort aan medisyne en noodsaaklike mediese toerusting, asook aan beskikbare gekwalifiseerde dokters en verpleegsters. Bid vir die oprigting van meer doeltreffende gesondheidsorgfasiliteite, behandelingstoerusting, ambulanse en personeel om aan die behoeftes van veral arm mense te voldoen.
* Nuwe leierskap in ons land.
* Die Speaker, sowel as vir ander wat verantwoordelik is vir die handhawing van wet en orde in die parlement.
* Die eer van God se Naam in gedrukte media, op openbare verhoë, op die skerms en silwerdoeke.
* Kerkraadsvergadering, Rietvleibraai.
* *Mighty men* in Maart, asook *It's Time* (Kaapstad) in Maart.
* Morele verval in ons land (waardes).
* Droogte veral in die Wes- en Oos-Kaap. Dankie vir areas waar dit gereën het.

∞ United Prayer for South Africa (UP4SA). Ons is almal bewus van die situasie in ons land. UP4SA hou vanjaar weer die laaste naweek in Februarie gebedsbyeenkomste. Mosselbaai is 25 Febr om 4nm by die VGK in Grunterstr (naby die DBV). Aanwysings DV volgende week.

∞ Wêreldbiddag vir Vroue. Ons gaan in die toekoms die byeenkomste gesamentlik met Moedergemeente hou. Vanjaar is dit op 2 Maart om 08:00 in Moedergemeente se gebou.

∞ Ons gebedsbulletin is 'n geleentheid waar die gemeente SAAM kan bid vir sake, sonder om op 'n bepaalde uur in 'n bepaalde lokaal bymekaar te kom. Gebruik die bulletin om met u mede gelowiges saam te bid.

## RIETVLEI BRAAI



U word hartlik uitgenooi na 'n regte Boerebraai met heerlike skaapvleis, wors, broodjies en slaai. 23 Februarie van 16:30 – 18:00 in die kerksaal. Kaartjies @ R60 is beskikbaar by die kerkkantoor en Rietvleiwyklede. Vir wegneem etes, bring asb u eie houer. Poeding is R10 ekstra en daar is ook rou wors en vleis te koop.